# PSALM 63 63




2 Ek prys u troue liefde luid;
ver bo die lewe gaan dit uit.
Ek loof met hande opgehef
u trou wat alles, Heer, oortref.
As ek dit snags bepeins, weet ek:
U is voortdurend naby my.
Ek soek U op, U staan my by,
u vleuels is oor my uitgestrek.

3 Hul wat vir my die dood begeer,
stort self diep in die afgrond neer;
die swaard sal oor hul seëvier
en aas maak vir die wilde dier.
Die koning en wie God vertrou,
is bly in Hom; hul prys sy Naam.
God sal die valse mens beskaam,
en dig sal hy sy mond moet hou.

Teks: T T Cloete 2001
Melodie: H Pieter van der Westhuizen 2001 ©

© Bybel-Media 2022. Alle regte voorbehou. Aanlyn beskikbaar by www.missio.org.za